Laerskool Gene Louw | 23 Januarie 2026 | Uitgawe 1/2026

BULLETIN

Wég is hulle Die o/9-dogters trek los vir die 80m by die Realtors Atletiekbyeenkoms eergister. Ons buitemuurse aktiwiteite is reeds goed op dreef – sien d6 vir die program.

GENIES HOOGTEPUNTE

- Nuwelinge
- Verbeterings
- Kwartaal 1-waarde

Welkom in ons wêreld!

Benewens die nuwelinge in Gr 1, soos Leo Slingers hierbo saam met Pa en Ma, verwelkom ons ook die volgende kollegas:

- Mev. Blackaller-Smal, skoolsuster
- Mej. Lamont, Gr 3 Eng
- Mej. Walters, Gr 4-7 L.O. (meisies)
- Mev. Steele, Gr 5 Eng
- Mev. Kotze en mej. Le Roux, Gr 5 Afr
- Mej. De Wet – Gr 6 Eng
- Mev. West – Gr 7 Afr
- Assistente op kontrak: Mev. Van der Berg en mej. Van der Westhuizen, GSF en Intersen onderskeidelik
- Permanent aangestel ná kontrakperiode: Mnr. Blom (Gr 4 -7 L.O. en Intersen); mej. Van Niekerk (Intersen en bemarkingsassistent); mev. Van der Westhuizen (GSF STEM/Robotika)

Baie geluk aan mev. Van den Heever (Gr 3) met die geboorte van haar babaseun!

UIT DIE SKOOLHOOF SE PEN

Beste Ouers en Voogde

Ek vertrou dat u gesin 'n geseënde en vreugdevolle feestyd saam beleef het. Dit is vir ons 'n vreugde om die nuwe jaar saam met u te begin. Ons is besonder opgewonde om die nuwe gesinne wat by ons Gene Louw-gemeenskap aansluit, hartlik te verwelkom. Mag u die beste maak van die vars begin, en mag hierdie reis gevul wees met kosbare herinneringe.

Die beginsel van hernuwing is ingebou in die skepping self. Die natuur leer ons: lente volg op winter, herfs berei ons voor vir rus, en selfs ons vel vernuwe ná blootstelling aan die son. Tegnologie herinner ons ook: Soms is dit bloot nodig om die "reset"-knoppie te druk. En in ons geloof is Christenskap 'n verhaal van nuwe beginne. Dink aan die dissipels ná die kruisiging – bang en onseker het hulle teruggekeer na wat bekend was: visvang. Maar Jesus het hulle daar ontmoet (Joh. 21:1-14). Hy het saam met hulle gesit, ontbyt voorberei en hulle sonder veroordeling weer met hul ware roeping verbind.

Dít is die kern van 'n nuwe begin: nie veroordeling nie, maar vernuwing en 'n herinnering aan ons doelwitte. Alles van die beste vir 2026!

ALTYD BETER

Ons is trots op die volgende verbeterings in en om Laerskool Gene Louw:

- Twee nuwe Gr R-klaskamers by Pikkie Paradys
- Nuwe deure in die skoolsaal
- Hand- en werkboeke vir Gr 4-7 nou in kleur ontwerp en gedruk
- Nuwe tafels en stoele in Gr 1- en 2-klasse om interaktiewe groepleer aan te moedig

Oor waardes & visie

Die skool se waarde vir Kwartaal 1 is **RESPEK**, soos bekendgestel tydens die eerste saalopening. Louwtjie die Leeu sal dit binnekort verder verduidelik!

Hierdie waardesimbole help ons om die moontlikhede van die toekoms binne ons huidige konteks te waardeer, en motiveer ons in ons visie: om kinders tot die beste van ons vermoë op te voed. ■